HOËRSKOOL OUTENIQUA

Kwagganuus

7 Maart 2023

Liewe Ouers / Voogde

Graag gee ons vir julle die volgende inligting:

1. **Beheerliggaam**
   Baie dankie vir die onbaatsugtige werk wat die lede van die beheerliggaam doen. Hulle speel 'n kardinale rol in die bestuur van die skool se finansies en formulering van beleide.

   Die wetlike vereiste ten opsigte van die bepalings van die verkiesing van ampte, is dat dit elke jaar met die eerste vergadering gedoen moet word. Baie geluk aan die lede van die beheerliggaam en sterkte met julle take.
   (a) Voorsitter: Marius Bezuidenhout.
   (b) Ondervoorsitter: Johannes Jumat.
   (c) Tesourier: Prieur du Plessis.
   (d) Sekretaresse: Carien Gericke.
   (e) Dissipline: Frances Schröter.
   (f) Sport en OOV: Deleur Volschenk.
   (g) Kultuur en Ouerbetrokkenheid: Izelle Bester.
   (h) Koshuise: Wessel Pienaar.

   Baie geluk aan die ouers en baie sterkte met die jaar se werksaamhede.

2. **Prestasietoekennings**
   Baie geluk aan die leerders wat die afgelope twee weke prestasietoekennings ontvang het. Graag gee ons inligting van die kriteria vir die bepaling van prestasietoekennings ten opsigte van akademie:

   Word toegeken in die eerste kwartaal op grond van vier eksamens in 2022.

   Graad 8 en 9

Junior Kleure	-	82,5% +
Halfkleure	-	80% +

   Graad 10,11 en 12

Volkleure met Lourier	-	80% +
Volkleure	-	75% +
Halfkleure	-	70% +

   Verhouding : Maart : Jun : Sept : Nov
   1 : 2 : 1 : 3
   14% : 28%: 14%: 44% (Gebruik PP – punte)
   Engels Huistaal leerders ontvang 5 punte ekstra by groottotaal.

Graad 12 : Erekleure

8 Eksamens - 88%+
9 Eksamens - 83%+
10/11 Eksamens 78%+

	Maart	Junie	Sept	Nov
2021 Graad 10 (Covid-19)	20%	20%	20%	40%
2022 Graad 11	14%	28%	14%	44%
2023 Graad 12	17%	33%	50%	

Die prestasietoekennings ten opsigte van sport en Kultuur is op die webtuiste beskikbaar.

3. Akademie en Maart-assessering

Die eerste kwartaal se eksamen begin op Maandag 13 Maart 2023. Graag versoek ek ouers om vir hul kinders die regte atmosfeer te skep, sodat hulle hul beste kan lewer. Eksamen moenie vrees by kinders skep nie. Dit moet as ’n geleentheid gesien word om hulself te verbeter. Dit is die graad 8-leerders se eerste formele eksamen in die hoërskool en ons vertrou dat dit met hulle goed sal gaan.

Dit is baie belangrik dat leerders hulle goed vir die eksamen voorberei. Daarom is daaglikse werk baie belangrik. Die volgende reëlings geld ten opsigte van die eksamen:

(a) Normale skoolreëls geld.
(b) Leerders het reeds hulle eksamenrooster ontvang. Die eksamenrooster is aangeheg.
(c) Alle leerders moet elke oggend om 07:30 in hulle eksamenlokale sit. Die skool kom om 14:00 uit.
(d) Alle sport- en kultuuroefeninge moet teen 16:00 afgehandel wees. Die enigste uitsondering is die hokkiespelers wat op die astro oefen. Hulle het spesifieke tydgleuwe waarin hulle oefen.

3.1. ‘n Paar wenke vir die eksamen:

(1) Goeie tydsbeplanning.
(2) Goeie voorbereiding vir elke vraestel. Elke leerder moet seker maak hy/sy het die afbakening van die werk op skrif gekry. Onderwysers het dit reeds uitgedeel en daar is ’n afskrif by die algemene kantoor.
(3) Goeie ontbyt en ‘n rustige omgewing wanneer leerders skool toe gaan.
(4) Bring die regte skryfbehoeftes skool toe. Dit skep onnodige spanning as leerders iets by die huis vergeet het.
(5) Bring leerwerk saam skool toe. Daar is tyd om ook in die eksamenlokaal te studeer.
(6) Leerders moet die vrae deeglik lees, ontleed en seker maak wat hulle moet beantwoord.
(7) Skryf netjies en leesbaar.

2. **Sosiale media**

Ons is bewus dat min mense sonder sosiale media kan klaarkom. Die skool se beleid ten opsigte van skoolgroepe is as volg:

(1) Klas-, sport- en kultuurgroepe word gestig. Slegs die onderwyser en leier (s) van die klas of groep kan inligting op die groep plaas.

Sommige leerders stig hulle eie groepe op verskillende platforms en plaas foto's van persone sonder hulle toestemming. Soms is die inhoud in baie swak smaak. In baie gevalle boelie sommige leerders ander persone.

Ondersoeke na die tipe sake neem baie tyd in beslag. Onderwysers het nie die tyd om elke dag die tipe sake te ondersoek nie.

Ons begin in die tweede kwartaal met 'n anti-boelie-veldtog en dit gaan klem plaas op boelie d.m.v. sosiale media.

Ek doen 'n beroep op ouers om ernstige gesprekke met julle kinders oor die korrekte gebruik van sosiale media te hê.

3. **Veiligheid**

Daar is tans heelwat bosslapers in die dorp. Op Vrydag 24 Februarie het twee van hulle oor die heining van die skool wat aan Courtneystraat grens gespring. Hulle het 'n dogter se tas gegryp en oor die heining teruggespring en waardevolle besittings uit die tas gehaal, weggehardloop en die tas in die bos gegooi.

Graag doen ons 'n beroep op ouers dat kinders nie alleen in die strate sal loop nie. Die volgende wenke:

(a) Stap twee of meer saam.
(b) Moenie met jou selfoon in jou hand stap of oor die selfoon praat as jy in die straat stap nie.
(c) Meld ongewenste persone onmiddellik by onderwysers of die sekuriteit aan.

4. **Afwesighede van leerders en uitteken:**

Hoërskool Outeniqua se leerders se teenwoordigheid kan verbeter. Gereelde skoolbesoek en gereelde doen van huiswerk verseker akademiese sukses. Indien leerders egter siek is, moet hulle by die huis bly.

Die grootste uitdaging is leerders wat deur die dag uitteken. Dit skep baie administratiewe uitdagings. Leerders skakel vanaf hulle eie selfone en onderwysers word in hulle klasse onderbreek.

Ouers moet vooraf 'n reëling tref vir spesialis- en lisensie-afsprake. Stuur asseblief 'n epos na afwesig@outeniqua.co.za of stuur 'n brief saam met die leerder skool toe. Met beurtkrag is dit nie altyd moontlik om briewe te druk wat ge-epos word nie. Alle reëlings moet asb vooraf gedoen word vir leerders wat klasse moet verlaat.

5. **Jheerlik koffiewinkel en deli**

Graag gee ons die volgende reëlings ten opsigte van die koffiewinkel:

(a) Ouers is welkom om die koffiewinkel in die oggend vanaf 07:00 – 09:00 en middag vanaf 13:00 – 16:30 te besoek.
(b) Ouers mag nie tydens pouses saam met hulle kinders in die koffiewinkel wees nie.

(c) Geen leerders van privaatskole en/of ander skole mag deur die skooldag van Jheerlik gebruik maak nie.

6. Verkeer op en om die skool

Daar is ‘n pad aan die suidekant van die skool, wat as uitgang dien, gebou. Die pad help baie om die verkeersdruk op die terrein te verlig. Daar is egter ouers wat te vinnig op die nuwe pad ry. Ons doen ‘n beroep op almal wat die paaie op die terrein gebruik om versigtig te bestuur. Die spoedbeperking is 20km per uur.

NB! Alle ouers wat in die oggend eerder in ‘n ooswaartse rigting (In die rigting van die Mall) die skool wil verlaat, kan gerus van die nuwe pad gebruik maak.

Die nuwe pad is oop vir verkeer in die oggend tot 08:00 en weer om 13:45.

7. Matriekafskeid

Hoërskool Outeniqua bied vanjaar twee geleenthede vir die matrieks aan. Die eerste is die Matriekbal van 12 April en die tweede is die matriekafskeid van 8 Oktober. Dit het onder die skool se aandag gekom dat daar weer mense is wat privaat matriekafskeide vir groepe reël. Die skool assosieer hulle nie met die geleenthede nie. Daar kan ook nie aangedui word dat dit eksklusief vir Hoërskool Outeniqua se leerders is nie. Die beheerliggaam het nie vir so ‘n funksie toestemming gegee nie. Die verlede het gewys dat leerders onder 18 jaar gebruik alkohol by die geleenthede en die organiseerders maak geld uit die funksies.

Ouers moet eerder die twee geleenthede van die skool gebruik. Daar is toesig en beheer en leerders is baie veiliger by die skool se geleenthede.

8. Finansies

Baie dankie vir gereelde betalings. Die 1ste kwartaal/1ste 2 maande se paaimente moet nou betaal wees. Gebruik asb u gesinskode + waarvoor die betaling is, as verwysing met alle betalings.

9. Skoolkwartale – 2023

Kwartaal 1:	18 Januarie – 31 Maart
Kwartaal 2:	12 April - 23 Junie
Kwartaal 3:	18 Julie - 29 September
Kwartaal 4:	10 Oktober – 13 Desember

Skoolkwartale - 2024

	15 Januarie – 27 Maart
	9 April - 28 Junie
	23 Julie - 04 Oktober
	15 Oktober – 13 Desember

Vriendelike groete

C. P. VORSTER
SKOOLHOOF